

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## LIEFDE: DIE VERVULLING VAN DIE WET

*Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander liefhet, het die wet volledig gemaak. Want dit: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: 'Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.' Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. Rom. 13:8 tot 10 – PWL Vertaling<sup>1</sup>*

Volgens bogenoemde teksverse is naasteliefde die vervulling (vervolmaking) van die wet, want hy wat sy naaste liefhet soos homself, sal nie aan sy naaste enige iets doen wat deur Torah (die wet) verbied word nie. Om jou naaste lief te hê met die liefde soos in Torah uiteengesit word, is die vervolmaking van YHVH se Torah (wet). Die tien pilare waarop liefde vir YHVH en naasteliefde staan, is dus die tien gebooe.

Ons weet dat om YHVH bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself, is nie 'n nuwe gebod nie, want YHVH het reeds via Moses hierdie opdrag gegee. (Deut. 6:5; Lev. 19:18). Tog lees ons in Joh. 13:34 en 35 dat Yeshua gesê het dat Hy ons 'n nuwe gebod gee,

*'n Nuwe opdrag gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolgelinge is, as julle liefde vir mekaar het.'* (PWL Vertaling)

Soos reeds genoem weet ons dat volgens Deut. 6:5 en Lev. 19:18 is hierdie nie 'n "nuwe gebod" soos een wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Nee, dit was van die begin af daar. Hierdie feit word in 1 Joh. 2:7 en 8 bevestig waar Johannes ook oor die liefde praat en skryf dat dit geen nuwe gebod is nie, maar voeg dan by dat dit wel tog ook nuut is.

*Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou opdrag, wat julle van die begin af gehad het. Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het en tog skryf ek aan julle 'n nuwe opdrag, wat*

---

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

*waar is in Hom en in julle, dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn. (PWL Vertaling)*

'n Skynbare teenstrydigheid? Nee!! Naaste liefde is 'n gebod wat van die begin af daar was (1 Joh. 3:11), maar dit het nou 'n nuwe betekenis gekry – dit het nuut geword.

Liefde is so oud soos die skepping self, maar in Yeshua Messias het dit 'n nuwe lewe en varsheid verkry – as te ware 'n herskepping ('n 'wedergeboorte') wat dit ondergaan het om ewig nuut (jonk) te wees. Hierdie is dan ook die betekenis van 'n **nuwe** verbond (Heb. 8:8 en Jer. 31:31 en 32). Dit is die vernuwing (hernuwing) van dit wat reeds bestaan. In Yeshua word die verbond en die gebod van liefde weer nuut gemaak en kry dit nuwe betekenis en toepassing. Dit is in die lig van hierdie "nuutheid" wat die betekenis te vinde is van: *liefde is die vervulling van die wet.*

Laat ons egter terugkeer na die begin. Kom ons herinner onself opnuut aan liefde volgens YHWH se standaard.

YHWH se verhouding met die mens was nog altyd 'n liefdesverhouding. Van die begin van die skepping het YHWH dit bekend gemaak en gedemonstreer dat Hy 'n verhouding met die mens wil hê wat op wedersydse liefde gegrond is. Hierdie liefdesverhouding is soos die van 'n vader en kind.

Die vader-kind verhouding het nie na die kruisiging van Yeshua Messias ontstaan nie. Nee, dit was van die begin af daar, want Yeshua verwys na YHWH as Sy Vader reeds voor Hy aan die kruis gesterf het (Joh. 1:14 en 18; Joh. 2:16; Joh. 4:21 en 23; Joh. 5:19 en 20; ens). Ons weet ook dat alles wat geskape is deur Yeshua ontstaan (Joh. 1:3) het. Hy was dus van die begin af saam met die Vader en Hy en die Vader is een (Joh. 10:30; Joh. 17:11). Maar daar was egter, en is steeds, 'n Vader-Kind verhouding. Alles wat die Vader doen, dit doen die Seun ook net so (Joh. 5:19). As kind van Abba YHWH, en deur geloof in Yeshua Messias, is ons deel van hierdie Vader-kind liefdesverhouding en moet ons Yeshua in alle opsigte navolg.

Die gedagte van 'n vader-kind verhouding kom ook baie duidelik na vore uit die geskiedenis van Abraham, Isak en Jakob. Hulle was almal vaders wat hulle kinders liefgehad het en in alle opsigte na die belange van hulle kinders omgesien het. Die gedagte van YHWH as Vader was ook nie vir die dissipels en volgelingen van Yeshua vreemd nie. Hulle het verstaan dat YHWH ook 'n Vader van Sy kinders is en waarvan Yeshua die Messias die Eersgeborene is (Rom. 8:29 en Kol.1:15).

Deur ons geloof in Yeshua weet ons dat ons 'n Hemelse Vader het wat Sy kinders liefhet en in alle opsigte, naamlik van gees, siel en liggaam, hulle belange op Sy hart dra. Die taak van 'n vader is die volgende:

- ❖ Om sy kind te **onderrig**. Op dié wyse word die kind geleer en verkry die kind die nodige kennis.
- ❖ Om sy kind **instruksies** te gee. Hierdie is die moets en moenies van die lewe. Dit is die voorskrifte, wette en beslissings wat van toepassing is op die onderrig (kennis) wat die kind ontvang het.
- ❖ Om 'n rolmodel vir sy kind te wees van hoe kennis en instruksies (voorskrifte) op 'n praktiese wyse toegepas word. Hierdie is die **wysheid en insig** wat benodig word om gelukkig en suksesvol in die lewe te wees. Kennis en instruksies is dit wat jy leer, maar wysheid en insig word verkry deur die praktiese toepassing van kennis en instruksies waar te neem. Wysheid en insig is die vermoë om kennis en instruksies prakties aan te wend ten einde die regte lewensbesluite te neem wat voorspoed en sukses verseker.

Bogenoemde is die definisie van Torah – YHVH die Almagtige se wet!! Dit is YHVH ons God en Vader se **onderrig, instruksies** tesame met **Sy wysheid en insig**. Hy is ons Hemelse Vader wat ons liefdevol onderrig en ons die lewensinstruksies gee wat ons dan met Sy wysheid en insig met die hulp van die Afgesonderde Gees kan toepas ten einde die regte lewensbesluite te kan neem sodat ons al Sy beloofde seëninge deelagtig te kan wees.

Vader-God het aan ons Sy *Torah* gegee omrede Hy vir ons lief is. Al Sy onderrig, instruksies en wysheid is aan ons gegee sodat ons volkome voorbereid en toegerus kan wees vir elke goeie werk (2 Tim. 3:16 en 17). Daarom is die einddoel van *Torah* nie om YHVH se straf te wees nie, maar om die mens daarmee te seën. Torah is die Vader se liefde in aksie. Hierdie liefde van die Vader het **nuwe** betekenis gekry toe Yeshua, die lewende Woord (Torah), vlees geword het en onder ons kom woon (tabernakel) het (Joh. 1:14). Dit is 'n ou gebod wat nuwe betekenis gekry het toe die "ou" verbond in Yeshua hernu is.

Wat moet ons dus doen? Anders gestel: Hoe beantwoord ons die liefde van die Vader? Die antwoord is voor die hand liggend: Verkry die kennis vervat in Torah, luister na die instruksies wat daarmee gepaardgaan en neem dan die praktiese toepassing waar van die kennis en instruksies, soos in die bladsye van die Afgesonderde Skrifte opgeteken is, om wysheid en insig te bekom. Hierdie **onderrig en instruksies (voorskrifte)** tesame met die **wysheid en insig** maak jy dan jou leefwyse. En wat gaan die resultaat hiervan wees? 'n Lewe waar jy die regte besluite gaan neem en wat dus vreugde, vrede, gesondheid, voorspoed en sukses verseker. Jy gaan mens wees volgens YHVH se plan. Dit is die Vader se liefdeswil vir Sy kinders.

Die heel belangrikste hiervan gaan egter wees dat jy 'n lewenservaring van Abba YHVH se liefde sal ondervind. Jy gaan in 'n liefdesverhouding betrokke raak waar die materiële en die eie-ek al hoe minder belangrik gaan word. Jy gaan ware liefde ontdek en ervaar. Jy gaan ontdek wat is hierdie

**nuutgemaakte** ou gebod van liefde. Jy gaan uit liefde vir die Vader aan Sy geboorte gehoorsaam wil wees.

Torah (die wet) is juis die openbaring en bevestiging van YHVH se liefde vir die mens. Dan is jy aan Torah gehoorsaam **omrede jy die gewer daarvan liefhet. Jy het nie die gawes lief nie.** Nee, dit wat jy ontvang is bloot net 'n byvoordeel en jy is bereid om sonder dit klaar te kom omrede jou liefde vir die Vader die belangrikste is. Liefde het dan die vervulling van die wet in jou lewe geword. Dit is wat die Torah uiteindelik in elke mens se lewe wil bereik, naamlik 'n volmaakte liefdesverhouding van gehoorsaamheid. Dan sal die volgende vir jou 'n werklikheid word:

*Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet.*

Met bogenoemde in gedagte, luister na die woorde in 1 Joh. 2:4 tot 6 (PWL Vertaling):

*Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. Maar elkeen wat Sy woord (wet, Torah) bewaar, in hom het die liefde van YHVH waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.*

Wanneer ons YHVH se onderrig, instruksies, wysheid en insig (die wet, Torah) in ons lewens met liefde en toewyding toepas, dan het die liefde van YHVH in ons lewens volmaak geword. Dit beteken dat YHVH se liefde het die doel in ons lewens bereik (vervul, voltooi, perfek en volledig gemaak). Ons gehoorsaamheid aan Torah is dan 'n beantwoording van Abba YHVH se liefde. Ware liefde is onvolledig (onvervul) sonder algehele gehoorsaamheid en onderdanigheid aan YHVH se Torah!!

Vir talle gelowiges is die wet (die Torah) 'n hekkie waaroor hulle struikel. Die rede is dat hulle slegs **die instruksies**, naamlik die voorskrifte – die moets en die moenies van die wet sien. Hulle sien nie die **liefdevolle onderrig** en die **wysheid en insig**, wat die heel belangrikste van die wet is, raak nie. Sulke gelowiges kan vergelyk word met tieners wat teen hulle ouers rebelleer en geensins die liefdevolle onderrig, wysheid en insig van die ouers waardeer nie. Nee, tieners "hoor en sien" slegs die ouers se instruksies van moets en moenies en beskou dit as dat die ouers hulle vryheid en plesier in die lewe wil wegneem. Hulle verstaan nie dat die ouers uit liefde en in die belang van die kinders optree nie. Dikwels besef kinders eers in hulle volwasse jare die waarde van die kennis, instruksies, wysheid en insig wat hulle ouers hulle

geleer het. So bly talle Christene "geestelike tieners", want die wet is vir hulle 'n las van moets en moenies.

*Liefde is die vervulling van die Torah (die wet), naamlik die volheid, die versadiging, die versadigdheid, die voltooiing en die vervollediging van die wet. Die liefde maak dus die wet volledig en volmaak.*

Daarom het Yeshua gesê dat die hele wet en die profete aan liefde hang (Matt. 22:40). Liefde omvat alles (onderskryf en sluit alles in) wat dus deur Moses in die Torah geskryf was, en omvat alles wat deur die profete gespreek was. Liefde is die gordynkap waaraan die wet en die profete hang. Die einddoel van dit wat Moses en die profete gesê het, is om YHVH te openbaar sodat die mens uit vrye wil en met begeerte YHVH en hul medemens lief sal hê. Dan alleenlik is liefde die vervulling van die wet.

Waarom lees ons in Rom. 13:8 en 10 dat naasteliefde die vervulling van die wet is? Wat dan van die gebod dat *jy moet YHVH jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand?* Is dit dan nie ook die vervulling van die wet nie? Ja, dit is, maar toe Yeshua gesê het dat jou liefde vir jou naaste die vervulling van die wet is, het Hy geweet dat as jy jou naaste liefhet soos jouself, sal jy YHVH ook met alles liefhê. Die moeilike deel van ware liefde, is liefde vir jou medemens. Dit is soveel makliker om YHVH lief te hê as om jou naaste lief te hê. Die toets van ware liefde is dus die liefde vir jou medemens. Daarom skryf Paulus in Rom 13:8 soos volg:

*Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.*

Torah is 'n liefdesverhouding. Dit is 'n liefdesverhouding tussen Vader en kind. En 'n liefdesverhouding tussen Bruidegom Yeshua en Sy bruid. Daarom kan ons die tien beginsels (die tien gebooie) van Torah ook soos volg skryf:

- ❖ Liefde gee alleenlik erkenning aan YHVH en aan geen ander god nie.
- ❖ Liefde sal nie dit wat bewonder en hoog geag word verkleineer of onteer of minag deur voor ander gode te buig nie.
- ❖ Liefde sal nie YHVH se Naam onteer of minag deur dit ydelik (lasterlik) te gebruik nie.
- ❖ Liefde sal YHVH se Shabbat gedenk en dit afsonder (heilig).
- ❖ Liefde sal vader en moeder eer.
- ❖ Liefde is nie 'n moordenaar nie. Liefde pleeg nie moord met gedagtes, woorde of deur dade nie.

- ❖ Liefde pleeg nie dade van wellus nie.
- ❖ Liefde is altyd vrygewig en sal nooit steel nie.
- ❖ Liefde sal nooit valse getuienis gee of lieg nie.
- ❖ Liefde sal nie begeer nie.

Gehoorsaamheid aan die tien gebooië wat deur liefde gedryf word, is dus die vervulling van die wet. Die hele Torah, naamlik al YHVH ons God en Vader se onderrig, instruksies, wysheid en insig, kan in een woord saamgevat word: LIEFDE!! Dit is die openbaring van Sy liefde vir ons en ons beantwoord Sy liefde deur gehoorsaamheid. Hierdie gehoorsaamheid behels liefde vir Vader-God en liefde vir ons naaste! Daar mag nie 'n verskil in die mate van hierdie liefde wees nie, anders is ons vals (leuenaars).

*Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy opdragte uitvoer, want dit is die liefde vir God, dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie 'n las nie, want elkeen wat uit God gebore is, oorwin vir homself die wêreld en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons vertrou. Wie anders is dit wat die wêreld vir homself oorwin, as dit nie hy is wat vertrou dat Yeshua die Seun van God is nie? 1 Joh. 5:2 tot 4 – PWL Vertaling*

YHVH ons Vader se gebooië is nie swaar nie. So het Moses ook aan die volk gesê dat YHVH se Torah nie te swaar is nie, asook nie te ver nie (Deut. 30:11 tot 14). Nee, dit is baie naby jou, in jou mond en in jou hart, om dit te doen (vers 15). Dit is nie 'n juk of 'n las nie, maar 'n loutere vreugde vir die wat die Vader en Sy Woord (Yeshua) waarlik liefhet. Indien jy iemand waarlik liefhet, is niks ooit te swaar nie (te veel moeite of 'n las of 'n juk nie). Het jy Vader-God en jou naaste so lief? Indien ons YHVH waarlik liefhet, sal ons ons naaste net so liefhê. Dit is die vervulling (vervolmaking) van die Torah – dit is 'n lewe van oorfloed in Yeshua!

*Wat ek jou vandag beveel, is om **YHVH jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooië en sy insettinge en sy verordeninge te hou**, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en YHVH jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.*

*Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie.*

*Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur YHVH jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae**, sodat jy kan woon*

*in die land wat YHVH aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed  
beloof het om dit aan hulle te gee. Deut. 30:16 tot 20*

Het liefde die vervulling van die wet in jou lewe geword? Is liefde vir die Vader en liefde vir jou naaste die rede hoekom jy al Vader-God se geboorte soos 'n kosbare skat bewaar en dit doen? Ware liefde vir die Vader en jou naaste word bewys deur gehoorsaamheid aan Sy Torah. Geloof, hoop en liefde – die heel belangrikste (uitnemendste) is liefde (1 Kor. 13:13), want dit is die vervulling van die wet.

Alleenlik wanneer jy jou naaste liefhet soos jouself kan jy daarop roem dat jy YHVH jou God en Vader liefhet met jou hele wese!

*How blest the children of the Lord,  
Who, walking in His sight,  
Make all the precepts of His Word  
Their study and delight!*

*What precious wealth shall be their dower,  
Which cannot know decay;  
Which moth and rust shall ne'er devour,  
Or spoiler take away.*

Harriet Auber

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte  
of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.  
Johan

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word  
nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en  
dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*